Organiese Bybelstudie Metode

Die doel van Bybelstudie is om te groei as dissipels van Jesus Christus.
Ons luister saam na Hom uit die Bybel, en volg die leiding van sy Gees.
Hy gee ook mede-dissipels om ons hierin te ondersteun.

- **Begeleier:**
  Hierdie persoon lei die groep deur die stappe. Kies 'n begeleier wat die gesprek en deelname van die lede kan aanhelp.

- **Keuse van die teks:**
  Kies self 'n teks of kies iets wat by die gemeente se strategie inval.

- **Die 5 STAP Metode:**

  Stap 1: Lees
  - **Bid**: Een persoon doen 'n gebed dat die Heilige Gees die groep sal lei en die Bybel sal ontsluit.
  - **Lees:** Die gedeelte word hardop voorgelees deur een persoon terwyl die ander volg in hulle Bybels. Of elkeen lees 'n aantal verse. Die fokus hier is: *Wat staan werklik in die gedeelte?*

  Stap 2: ! Ontdek !
  - **Lees:** Die gedeelte moet nou vir 'n tweede keer deurgelees word, maar elkeen lees stil by homself. Soek uitroeptekens deur te vra: *Watter vers, woorde of konsepte staan vir my uit of raak my hart?*
  - **Skryf neer:** Enige verse en gedagtes wat uitstaan word neergeskryf. 'n Kort nota is goed.
  - **Deel ontdekkings**: Nadat die groep genoeg tyd gekry het om in stilte te dink en neer te skryf word elkeen gevra om te deel soos hy wil.

  Stap 3: ? Vraag ?
  - **Lees:** Die gedeelte word nou vir 'n derde keer sag deurgelees terwyl daar gesoek word na vraagtekens. Vra die vraag: *Watter vraag oor enige iets in die gedeelte sal ek graag vir die groep wil vra?*
  - Elkeen in die groep kry geleentheid om 'n vraag te stel
  - **Skryf neer: Iemand in die groep word gevra om** die vers en die vraag neer te skryf nadat dit goed geformuleer is.
  - Soek saam antwoorde vir die vraag uit die teks
  - **Voorwaardes van vraag:**
    - Die vraag moet bespreek kan word en mag nie 'n ja/nee antwoord hê nie. Begin die vraag met: wie, wat, waar, wanneer, hoekom ens.
    - Elkeen in die groep mag net EEN vraag vra.

  Stap 4: Doen – Hande en voete
  - **Dink** (breinstorm) oor die moontlike toepassings wat uit die teks en gesprek na vore gekom het deur te vra: *Wat is die moontlike toepassings wat uit die gedeelte na vore kom?*
  - **Dink** oor die persoonlike toepassing uit die teks deur te vra: *Wat wil God hê moet ek doen?*
  - **Gee** tyd as iemand hulle toepassing wil **deel** met die res van die groep.

  Stap 5: Gebed
  - **Bid** oor die waarhede wat in die Bybelstudie geleer is. Gee elkeen die geleentheid om slegs een of twee sinne te bid oor dit wat hulle geleer het.